



Laerskool Mikro

Nasionale Inperkingstyd

Afrikaans Beplanning Graad 4

Week 3: 4 Mei 2020 – 8 Mei 2020

DAG	HULPBRONNE	AKTIWITEIT
Maandag 4 Mei 2020	➤ Handboek ➤ Lyntjiesboek ➤ Memorandum van deurlopend inplak KYK ASB OP DIE MEMO HOE DIE WERK GEDOEN MOET WORD	<u>Lees</u> die weerberig van die Deurlopende Assessering op p.60 met aandag deur. Doen nou vraag 1,3,4,5,6,7 en 8 <u>skriftelik</u> in jou lyntjiesboek. Skryf onderaan waar jy laas gewerk het: Deurlopende assessering 4 Mei 2020 P.60 nr.1,3,4,5,6,7 en 8 Onthou om 'n <u>lyn</u> te trek na elke nommer. Plak die memo van die Deurlopende assessering onderaan jou werk as jy klaar is.
Dinsdag 5 Mei 2020	➤ Handboek ➤ Idiome bladsy	Kyk na p.61 se <u>voorblad</u> van die nuwe tema, Natuurlik. Lees die <u>vrae</u> onderaan en dink na oor die antwoorde. Lees nou die <u>dierestorie</u> "Die leeuemoed van 'n kiewietjie" op p.193 deeglik deur. Lees <u>vrae</u> 1-5 op p.62 deur en beantwoord die vrae mondelings. Gaan nou deur die idiome op p.63 en vra vir iemand as jy nie verstaan wat dit beteken nie. Plak die <u>idiome-blad</u> in jou lyntjiesboek. Skryf eers bo-aan: Idiome: Tema 7 5 Mei 2020 P.63 Plak nou die idiome.
Woensdag 6 Mei 2020	➤ Handboek ➤ Spelling en sigwoorde Groep 9 in Algemene Lêer ➤ Lyntjiesboek ➤ Vraagteken werkvel	Skryf Speltoets groep 9 in jou Algemene Boek. Lees <u>Taalfokus 1</u> op p.62 met aandag deur. Plak die <u>werkvel</u> oor die Vraagteken en uitroepteken in jou lyntjiesboek en voltooi dit skriftelik.
Donderdag 7 Mei 2020	➤ Handboek ➤ Lyntjiesboek KYK ASB OP DIE MEMO HOE DIE WERK GEDOEN MOET WORD	Lees die kortverhaal "Om die bos gelei" op p.64-65. Doen die Post-lees vrae op p.65 mondelings. Doen nou Taal in konteks nr.1 en 2 op p.65 <u>skriftelik</u> in jou lyntjiesboek onderaan waar jy laas gewerk het. Taal in konteks 7 Mei 2020 P.65 nr. 1 – 2 1.a Onderwerp: Ek Gesegde: voel nie Voorwerp: die klippe b. Onderwerp: Gesegde: Voorwerp: (ensovoorts)
Vrydag 8 Mei 2020	➤ Handboek ➤ Skryfraam	Ons het gister die kortverhaal "Om die bos gelei" op p.64 en 65 in jou handboek <u>gelees</u>. Verbeel jou die storie het op p.64 klaargemaak en dat daar regtig olifante in die bos was. Wat gaan met Marius en Stoffel gebeur? Gebruik jou skryfraam en <u>skryf</u> 'n interessante middel en slot vir die storie. Jy moet ongeveer 100 woorde in jou storie hê. Onthou jy gaan net aan waar p.64 gestop het met die boeties wat mekaar ernstig aankyk.

		Stuur vir jou onderwyseres 'n foto van jou storie per Whatsapp of ClassDojo. Ons sien uit daarna om jul spanningsvolle stories te lees! Plak die skryfraam in jou werkboek as iemand dit klaar deurgelees, geredigeer en jou gehelp het om moontlike spelfoute en taalfoute te korrigeer,
--	--	---